Datum: 6 Augustus 2018

UITNODIGING OM DEEL TE NEEM AAN ’N OPENBARE DEELNEMINGSPROSES

AANSOEK OM UITSTEL VAN DIE NAKOMINGSTYDRAAMWERKE VIR MINIMUM EMISSIESTANDAARDE VIR ESKOM SE STEENKOOL- EN VLOEIBRANDSTOFKRAGSTASIES IN DIE MPUMALANGA-HOËVELDSTREEK, VAALDRIEHOEK EN DIE KAAPSTREEK

Beste Belanghebbende en Geaffekteerde Party

Eskom bedryf ’n vloot steenkool- en vloeibrandstofkragstasies deur die hele Suid-Afrika. Die grootste deel van Eskom se opwekkingsmengsel is steenkoolkragstasies wat in die Mpumalanga-Hoëveldstreek gekonsentreer is. ’n Kleiner deel van die vloot bestaan uit kern-, hidro-, oopsiklusgasturbine- (OSGT) en windgebaseerde kragstasies op ander plekke in die land.

Die 2013 Minimum Emissiestandaarde (MES) gepubliseer onder die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Luggehalte (Wet No 39 van 2004) (NEM: LG) vereis dat bestaande kragstasies teen 1 April 2015 ‘bestaande aanleg’-emissieperke en teen 1 April 2020 strenger ‘nuwe aanleg’-emissieperke nakom. Die MES is van toepassing op Eskom se vloot steenkool- en vloeibrandstofkragstasies wat nakoming van die gepubliseerde minimum emissieperke binne die gedefinieerde regstydraamwerk vereis.

As gevolg van verskeie beperkings is dit vir baie van Eskom se kragstasies nie moontlik om die 2020 ‘nuwe aanleg’-perke na te kom nie. In party gevalle is dit ook nie moontlik vir stasies om die standaarde vir bestaande aanlegte binne die vereiste tydraamwerke na te kom nie. Eskom installeer emissieverminderingstoerusting (retropas) in ’n gefaseerde benadering om emissies by sy stasies wat die meeste besoedeling veroorsaak, te verminder. In gevalle waar die stasies nie in staat sal wees om die strenger perke na te kom nie, versoek Eskom uitstel van die onderskeie emissiestandaarde.

Eskom beoog om aansoek te doen om uitstel van die MES vir stasies waar die retropasaktiwiteite om die emissies te verminder nie in die vereiste tydraamwerke voltooi kan word nie of in gevalle waar stasies glad nie aan die nuweaanleg-MES kan voldoen nie. Laasgenoemde is die geval vir stasies waar die koste en natuurlike hulpbronne wat nodig is om die retropasaktiwiteite te voltooi baie groter is die voordele om die tegnologie te installeer met die oog op die stasie se lewensverwagting, die toestand van die omringende luggehalte in die relevante lugruim sowel as relevante sosio-ekonomiese faktore.

Die volgende kragstasies sal om uitstel aansoek doen:

- Lethabo-kragstasie in die Vaaldriehoek;

- Grootvlei-, Majuba-, Camden-, Kriel-, Matla-, Kendal-, Duvha-, Arnot-, Hendrina- en Komati- en Tutuka-kragstasie in die Mpumalanga-Hoëveldstreek;
- Acacia-kragstasie (Wes-Kaap) en Port Rex-kragstasie (Oos-Kaap) in die Kaapstreek.

Die aansoek sal ondersteun word deur:

- ’n motivering vir uitstel;
- ’n Atmosfeerimpakverslag (AIV) wat die impak van die kragstasies op die omringende luggehalte in ag neem; en
- ’n afgehandelde openbare deelnemingsproses en gevolglike verslag.

Eskom het Naledzi Environmental Consultants CC as die onafhanklike omgewingskonsultant aangestel om die AIV voor te berei, die tegniese studies te bestuur en die openbare deelnemingsproses uit te voer.

Die openbare deelnemingsproses sal twee rondes van konsultasie behels. Die eerste ronde sal ’n geleentheid bied om ’n Agtergrondinligtingsdokument (AID) te besigtig en kommentaar te lewer op die benadering tot die voorbereiding van die aansoek, insluitende bywoning van openbare vergaderings. Gedurende die tweede ronde sal die aansoek self, stasiespesifieke AIV’s en dokumentasie van openbare konsultasie vir openbare ondersoek beskikbaar gestel word. ’n Tweede ronde van openbare vergaderings sal by dieselfde openbare plekke gereël word as vir die eerste ronde geleenthede. Datums vir hierdie geleenthede sal nader aan die tyd aan alle geregistreerde belanghebbende en geaffekteerde partye bekend gemaak word, maar daar word verwag dat dit in November 2018 sal plaasvind.

Ons stel belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GP’s) hiermee in kennis van die voorgestelde aansoek om hulle menings en kommentaar oor die aansoek te vra. Hierdie brief dien as kennisgewing hiervan en ons vestig u aandag op die volgende:

- ’n Uitnodiging om as ’n belanghebbende en geaffekteerde party (B&GP) te registreer
- Die beskikbaarheid van ’n AID vir kommentaar
- Kennisgewing van die eerste ronde van openbare vergaderings

REGISTREER AS ’N B&GP

U word hiermee genooi om as ’n B&GP te registreer en aan die aansoekproses deel te neem deur die ingeslote Kommentaar-en-Registrasievorm wat by die aangehegte AID ingesluit is, in te vul.

AGTERGRONDINLIGTINGSDOKUMENT (AID) BESKIKBAAR VIR PUBLIEKE BESIGTIGING

Die ingeslote AID voorsien besonderhede oor die uitstelaansoek. Dit bied ’n kort oorsig van Eskom se redenasie oor die uitstelaansoek en nooi B&GP’s om aan die aansoekproses deel te neem en daarvoor te registreer. ’n Tydperk van 30 dae, vanaf 13 Augustus tot 11 September 2018 word toegelaat om die AID te besigtig en om kommentaar en kwellinge ten opsigte van die uitstelaansoek in te dien.

Die AID en gepaardgaande Kommentaar-en-Registrasievorm is in Engels, Afrikaans, IsiZulu, Sesotho, Xhosa en SiSwati beskikbaar vir openbare kommentaar by die Naledzi-webwerf by www.naledzi.co.za/publicdocuments. Afskrifte van die AID is ook beskikbaar by die openbare plekke wat hieronder aangegee word:

Openbare biblioteke	Adres	Kontak	Kontak persoon
Vaaldriehoekstreek - Lethabo			
Sharpeville biblioteek	h.v Seeiso and Zwanestraat, Sharpeville	016 451 2526	Joyce Ramagole
Sasolburg – openbare biblioteek	John Vorsterweg, Sasolburg	016 973 8463	Patience Khunou
Zamdela – openbare bioblioteek	Stand 3246, Zamdela Gemeenskapssentrum	Zamdela@sacr.fs.gov.za	Martha Mohapi
Refengkgotso-biblioteek (Ntai Mokoena-biblioteek)	2195 Phomolongweg, Refengkgotso	016 371 2312/4	
Vereeniging- openbare biblioteek	h.v Lesley- en Marklaan, Vereeniging	016 430 1724 079 885 9195	Phulani Lethoba
Vanderbijlpark- openbare biblioteek	h.v Frikkie Meyer - en Klasie Havengastraat, Vanderbijlpark	016 950 5251/3	Roy Olifant
Mpumalanga-Hoëveld			
Grootvlei-kragstasie			
Grootvlei- biblioteek (Grootvlei-myndorp)	h.v Jakaranda- en Ringweg, Grootvlei-myndorp	082 447 9019	Nchire Maepa
Greylingstad- openbare biblioteek	Sechabalaan, Nthoroane	071 497 2015	Gebe Shabalala
Balfour Wyk 3 – openbare bioblioteek	Johnny Mokoenastraat, Balfour	078 017 8355	Thulisile Shozi
Camden-kragstasie			
Ermelo – openbare biblioteek	h.v Kerk- en Smutsstraat, Ermelo	017 801 3621	Chrisna Calitz
Thusiville – openbare bioblioteek	Wesselton Uitbreiding 2 (naby die Reggie Masuku Höerskool, langs die kleuterskool)	072 382 2409	Thami Mrubata
Majuba-kragstasie			
Amersfoort – openbare biblioteek	h.v Bree- en Pleinstraat, Amersfoort	017 753 1006 083 665 6189	Simangele Lukhele
Volksrust- openbare bioblioteek	h.v Nelson Mandela- en Adelaidestraat, Volksrust	017 734 6109	Helen Ziers
Kriel- en Matla-kragstasie			
Kriel – openbare biblioteek (Ga-Nala-openbare bioblioteek)	Quitin- en Henrichstraat, Kriel	017 648 6249	Rika Horn / Jeannette Soko
Duvha - en Kendal -kragstasie			
Emalahleni - hoofbiblioteek	h.v Hofmeyerstraat en Elizabethlaan, Emalahleni	013 690 6232	Nelly Mashiame
Middelburg- openbare biblioteek (Gerald Sekoto- openbare biblioteek)	Wandererslaan, Middleburg	013 249 7314	Patrick Molemane
Phola- openbare biblioteek	2426 Qwaabestraat, Phola	013 645 0094	Nomsa Thwala
Ogies- openbare biblioteek	Hoofweg, Ogies	013 643 1027	Priscilla Sekgobela
Hendrina-, Arnot- en Komati - kragstasies			
Hendrina- openbare biblioteek	Kerkstraat 44, Hendrina	013 249 7247	Busisiwe Sibanyoni
Pullen's Hope -biblioteek	Kiaatstraat, Pullen’s Hope	013 296 1300	Sbusiso Nkosi
Rietkuil -biblioteek	Marulastraat, Rietkuil, Arnot	013 249 7803	

KAAPSTREEK			
Acacia-kragstasie (Wes-Kaap)			
Edgemead - biblioteek	Edgemeadrylaan, Edgemead , Kaapstad	021 444 7352	Lorraine Mathewson
Bothasig - biblioteek	Vryburgerlaan, Bothasig, Kaapstad	021 400 2757	Nomvu Gxalo
Port Rex-kragstasie (Oos-Kaap)			
Oos London sentrale biblioteek	Gladstonestraat, Oos London middestad	043 722 4991	Cecilia Mqingwana (Verwysingsafdeling)
Wesbank- openbare biblioteek	Hoodstraat, Wesbank dorpie, Oos London	043 731 1547	Belinda Pennels
Greenfields- openbare biblioteek	8 Reitzstraat, Greenfields,Oos London	043 736 1700	Phumlani Sihlalo

As u op die AID wil kommentaar lewer en/of deel van hierdie aansoekproses wil wees, kan u:

- die ingeslote Kommentaar-en-Registrasievorm invul en by die kontakpersoon by die besonderhede hieronder indien;
- u naam, kontakinligting en belangstelling telefonies bekendmaak; en/of
- skriftelike kommentaar per e-pos of faks binne die toegelate openbare registrasie- en oorsigtydperk indien.

Dien asseblief u naam, kontakinligting en belangstelling in die saak by me Marissa Botha in by die volgende besonderhede; Tel: 015 296 3988 / 084 226 5584 of stuur u kommentaar per e-pos aan ons by botham@naledzi.co.za of per faksnommer 015 296 4021.

UITNODIGING NA GESKEDULEERDE OPENBARE VERGADERINGS:

U word ook genooi om enige van die geskeduleerde **openbare vergaderings** vir die projek by te woon:

Datum	Plek	Tyd	Kragstasie
20 Augustus 2018	Vereeniging (Stadsaal)	11:00 – 13:00	Lethabo
	Sharpeville (Gemeenskapsaal)	16:00 – 18:30	Lethabo
21 Augustus 2018	Balfour (Siyathemba-gemeenskapsaal)	11:00 – 13:00	Grootvlei
	Grootvlei (Thabakgoadi-gemeenskapsaal)	15:00 – 17:00	Grootvlei
21 Augustus 2018	Zamdela (Harry Gwala-veeldoelsaal)	16:00 – 18:00	Lethabo
22 Augustus 2018	Amersfoort (Burgermeestersaal)	11:00 – 13:00	Majuba
	Ermelo (Ella De Bruyn -saal)	17:00 – 19:00	Camden, Majuba
23 Augustus 2018	Thubelihle (Gemeenskapsaal)	11:00 – 13:00	Kriel & Matla
	Kriel (Volle Evangelie Kerk)	17:00 – 19:00	Kriel & Matla
24 Augustus 2018	Phola (Gemeenskapsaal)	11:00 – 13:00	Duvha, Kendal
	Emalahleni-stadsaal	16:00 – 18:00	Duvha, Kendal
28 Augustus 2018	Hendrina (Kosmos-saal)	11:00 – 13:00	Hendrina, Arnot, Komati
	Kwazamokhuhle (AME Kerk)	15:00 – 17:00	Hendrina, Arnot, Komati

28 Augustus 2018	Oos London Museum	11:00 - 13:00	Port Rex
29 Augustus 2018	Edgemead (Edgemead-gemeenskapsaal)	18:00 – 20:00	Acacia
31 Augustus 2018	Midrand (Eskom Leerakademie)	11:00 – 13:00	Alle kragstasies

'n Herinnering oor hoe u kan deelneem:
U kan:

- As 'n B&GP registreer op of voor 11 September 2018;
- Enige kommentaar/mening oor die projek op die Kommentaar-en-Registrasievorm wat voorsien is, op of voor Dinsdag 11 September 2018 indien;
- Enige ander partye/belanghebbers wat u dink moontlik geaffekteer word deur of belangstel in die projek in kennis stel deur hulle aan te spoor om te registreer; en
- Enige van die openbare vergaderings wat vir die projek gereël is, bywoon.

Let asseblief daarop dat die besonderhede vir die 2e ronde van openbare betrokkenheid later met belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GP's) gekommunikeer sal word.

Dankie by voorbaat vir u deelname.

Die uwe

Marissa Botha (*Pri.Sci.Nat*)
namens **Naledzi Environmental Consultants CC**
Fisiese adres: Thabo Mbekistraat 145, Faunapark, Polokwane, 0700
Posadres: Suite #320, Postnet Library Gardens, Privaat sak X 9307, Polokwane, 0700
Tel: 015 296 3988 Faks: 015 296 4021 Sel: 084 226 5584
E-pos: botham@naledzi.co.za